

## HOOFSTUK XIII.

### SKRIF.

#### 1. Skrifgereeheid.

##### (a) Gereedmaking.

Vraag D. 1. Is dit na u mening noodsaaklik dat subst. A-leerlinge eers 'n tydperk van gereedmaking deurmaak voordat daar met die formele onderrig van skrif begin word?

TABEL 95.

FORMELE SKRIFONDERRIG:	IS GEREEDMAKING NOODSAAKLIK?
------------------------	------------------------------

	Aantal leerkrugte	%
Ja	212	94.2
Nee	9	4.0
Weet nie/kan nie sê nie	4	1.8
<b>TOTAAL</b>	<b>225</b>	<b>100%</b>

Die antwoord van die 225 respondente in tabel 95 laat geen twyfel dat feitlik almal van mening is dat gereedmaking vir formele skrifonderrig noodsaaklik is nie. Dit is in ooreenstemming met die leerplan van die Kaaplandse Onderwysdepartement, waarin uitdruklik verklaar word dat, aangesien die gemiddelde kind nog nie gereed is vir formele skrifonderrig wanneer hy skool toe kom nie, dit noodsaaklik is dat hy eers „'n periode van gereedmaking deurgaan.”<sup>1)</sup> In die leerplan vir Skrif in die Oranje-Vrystaat word ook daarop gewys dat, wanneer 'n kind op skool kom, daar nog min of geen beheer oor vinger- en handspiere is nie. „Dit is dus noodsaaklik dat alvorens ons van die kind verwag om te leer skryf, ons aandag sal skenk aan die ontwikkeling en gereelde oefening van die vinger- en handspiere.”<sup>2)</sup>

<sup>1)</sup> Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Die primêre skool. Musiek, kuns en handwerk, handskrif. Leerplanne en wenke by die onderwys, V, p. 140.

<sup>2)</sup> Onderwysdepartement, O.V.S. Leerplan vir skrif. Kleinkinderonderwys, 1964, p. 4.

Kinders moet egter nie net fisies gereed gemaak word vir skrifonderrig nie, maar ook geestelik. Volgens Petersen en Hayden moet 'n kindertuinonderwyseres ook die volgende in haar leerlinge ontwikkel: "..... an awareness of the importance and usefulness of writing as a tool of communication."<sup>3)</sup> Die Liebenberg-komitee het in 1956 bevind dat „skryf se belangrikste motivasie vir die kind is om te kan lees wat hy geskryf het.”<sup>4)</sup> 'n Kind wat weet van hoeveel waarde die vermoë om te kan skryf vir hom sal wees, sal stellig gouer gereed wees vir skrifonderrig as 'n kind by wie sodanige motief geheel en al ontbreek.

Freeman beklemtoon ook die belangrikheid van gereedmaking vir skrifonderrig<sup>5)</sup> en Dottrens motiveer dit as volg:

Before the tools for writing are put into the child's hands ...., it is necessary that he should be prepared for this new and, for him, difficult accomplishment by means of exercises the importance of which is primordial. Preliminary training of the eye, hand and fingers is essential. The greater the importance attached to this training, the longer will formal instruction in writing be postponed ....<sup>6)</sup>

Vraag D. 2. In vraag D. 2 is die leerkragte wat op vraag D. 1 Ja geantwoord het, gevra van watter aktiwiteite hulle gebruik maak om spierbeheer by die leerlinge te ontwikkel.

3) Petersen, Dorothy G. & Hayden, Velma D. Teaching and Learning in the elementary school, p. 190 - 1.

4) Verslag van Liebenberg-komitee, 1956, p. 4.

5) Freeman, F.N. The teaching of handwriting, p. 79.

6) Dottrens, R. Aangehaal deur Unesco. The teaching of handwriting, p. 15.

TABEL 96.

## AKTIWITEITE OM SPIERBEHEER BY DIE LEERLINGE TE ONTWIKKEL.

Aktiwiteite	Aantal leerkragte	%
(1) Gooi-en-vang speletjies met 'n bal	141	67.5
(2) Papier knip en skeur	181	86.6
(3) Krale inryg	171	81.8
(4) Hantering van pottebakkers- of kunsklei	179	85.7
(5) Hantering van Montessori-apparaat	130	62.2
(6) Hantering van kwaste (en verf op koerantpapier)	193	92.3
(7) Styselpapwerk	144	68.9
(8) Papierdeeg	60	28.7
Totale aantal respondentie waarop persentasies bereken is	209	

Uit tabel 96 blyk dat 'n groot tot baie groot persentasie van die 209 respondentie ten gunste van sewe van die agt gesuggereerde aktiwiteite met die oog op die ontwikkeling van spierbeheer is. Slegs van papierdeeg maak 'n baie klein persentasie, naamlik 28.7, van die respondentie gebruik om spierbeheer by die leerlinge te ontwikkel. Benewens die agt aktiwiteite wat in die vraelys gesuggereer is, is die volgende ook deur kleiner groepe onderwysers(-esse) genoem: in prenteboeke en tydskrifte blaai (26 respondentie); sandbak (10); poppe aantrek (17). Mej. S. la Grange gee nagenoeg al die reeds genoemde aktiwiteite aan, maar in haar lys kom ook nog die volgende voor: oog-hand-koördinasie, verfwerk en die teken en modelleer van herkenbare voorwerpe.<sup>7)</sup>

Ofskoon die aktiwiteite om spierbeheer te ontwikkel nie orals presies dieselfde is nie, kan nietemin aangeneem word dat kinders in alle lande van die wêreld oefeninge kry om hulle gereed te maak vir formele skrifonderrig.<sup>8)</sup> Daar

7) La Grange, S. Introductory apparatus in the infant school. Education, 71 : 65, Maart 1961.

8) Unesco. The teaching of handwriting, p. 15.

is 'n besonder groot ooreenkoms tussen die oefeninge of aktiwiteite in Kaaplandse skole en dié wat in Switserland aangetref word:

In Switzerland, especially in Geneva, initiation to the art of writing is usually preceded by exercises in cutting out and pasting (lightness, precision, good taste), modelling (flexibility, careful fingering), painting and drawing (lightness, precision, good taste), sensory exercises of touch, sight (observation of forms), and muscular exercises for the fingers, wrist and forearm (flexibility, posture). In this first phase, the game element plays a predominant part.<sup>9)</sup>

Met betrekking tot die wyse waarop die aktiwiteite aangewend moet word om spierbeheer by die leerlinge te ontwikkel, onderskryf ons graag die volgende opmerking deur een van die respondenten (die hoof van 'n betreklike groot skool): "Die aktiwiteite moet afgewissel word en met lewenskragtigheid en gesonde oordeel aangebied en beheer word."

(b) Gereedheid vir formele skrifonderrig.

Vraag D. 7. Op watter Leeftyd - min of meer - is 'n normale kind na u mening gereed vir formele skrifonderrig?

TABEL 97.

DIE LEEFTYD WAAROP 'N KIND VIR FORMELE SKRIF-ONDERRIG GEREED IS.

	Aantal leerkrags	%
5½ jaar	9	3.6
6 jaar	130	52.0
6½ jaar	93	37.2
7 jaar	18	7.2
TOTAAL	250	100%

Soos uit tabel 97 blyk, is meer as die helfte van die respondenten van mening dat 'n normale kind op sesjarige leeftyd gereed is vir formele skrifonderrig. Die selfde tabel toon egter ook aan dat heelwat meer as een-

9) Ibid., p. 15 - 16.

derde van die respondentie meen dat 'n normale kind  $6\frac{1}{2}$  jaar oud is voordat hy gereed is vir formele skrifonderrig.

Volgens 'n publikasie van Unesco word daar in die meeste lande van die wêreld met formele skrifonderrig 'n aanvang gemaak wanneer die kinders ses jaar oud is; in 'n betreklike groot persentasie van die lande geskied dit wanneer die kinders sewe jaar oud is en slegs in 'n paar lande voordat die kinders die ouderdom van ses jaar bereik het.<sup>10)</sup>

'n Kindertuininspekteur wie se naam nie vermeld word nie, het in 1958 verklaar: "Class writing can begin about half-way through the child's first year at school at about  $6\frac{1}{2}$  years old."<sup>11)</sup> Die Liebenberg-komitee het ook tot die gevolgtrekking gekom dat, indien die noodsaaklike voorbereidende oefeninge reeds vroeër 'n aanvang geneem het, normale kinders met formele skrifonderrig kan begin wanneer hulle  $6\frac{1}{2}$  jaar oud is,<sup>12)</sup> en in die leerplan van die Kaaplandse Onderwysdepartement word verklaar: "Algemeen word aanvaar dat die gemiddelde kind op ongeveer  $6\frac{1}{2}$ -jarige leeftyd vir formele skrifonderrig gereed is."<sup>13)</sup>

Dit is twyfelagtig of dit moontlik of nodig is om tot op presies ses maande vas te stel wanneer 'n kind met formele skrifonderrig behoort te begin. Volgens die gegewens in tabel 97 is 89.2% (52.0 + 37.2) van die respondentie van mening dat 'n kind tussen 6 en  $6\frac{1}{2}$  jaar gereed is vir formele skrifonderrig. Dit is in ooreenstemming met die sienswyse van diegene na wie se beskouings hierbo verwys is, asook met die praktyk in die meeste lande van die wêreld.

Vraag D. 8. In vraag D. 8 is die leerkragte gevra hoe hulle vasstel of hul leerlinge gereed is vir formele skrifonderrig.

<sup>10)</sup> Unesco, op. cit., p. 10.

<sup>11)</sup> Anon. Writing in the kindergarten. Education, 68 : 287+, Okt. 1958.

<sup>12)</sup> Verslag van die Liebenberg-komitee, 1956, p. 4.

<sup>13)</sup> Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Leerplanne en wenke by die onderwys, V, p. 140.

TABEL 98.

DIE BEPALING VAN GEREEDHEID VIR FORMELE SKRIF-  
ONDERRIG.

Vasstelling van gereedheid	Aantal leerkragte	%
(1) Kwas. hanter	165	73.7
(2) Vasmaak-apparaat hanter	98	43.8
(3) Potlood of kryt hanter	211	94.2
(4) Met klei modelleer	102	45.5
(5) Knip en plak	116	51.8
(6) Kleure sorteer	76	33.9
(7) Vorms sorteer	78	34.8
Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is	224	

Dat daar heelwat verskil van mening bestaan met betrekking tot die verskillende maniere waarop vasgestel kan word of leerlinge gereed is vir formele skrifonderrig, blyk duidelik uit tabel 98. Meer as een-derde van die respondenten maak weliswaar van elk van die sewe gesuggererde metodes gebruik, maar slegs in twee gevalle, naamlik die hantering van potlood of kryt en die hantering van 'n kwas is dit 'n metode wat deur 'n groot persentasie toegepas word. Die volgende metodes is deur kleiner groepe onderwysers(-esse) genoem en kan stellig ook met vrug toegepas word: skrifpatrone egalig maak (17 respondenten) en tussen reëls inkleur (6). Een respondent het die volgende interessante metode aan die hand gedoen om vas te stel of kinders gereed is vir formele skrifonderrig: "Sodra leerlinge nie meer uit hul skouers beweeg om te verf of te kleur nie, maar van die elmboog of gewrig af."

Volgens Althea Beery behoort 'n kind nie skrifonderrig te kry voordat hy onder andere belangstelling daarin toon om sy eie naam te skrywe (in drukskrif) en 'n persoonlike behoeftte voel om te leer skryf nie.<sup>14)</sup>

14) Beery, Althea. Readiness for handwriting. Aangehaal deur Logan, Lillian M. & Logan, Virgil G. Teaching the elementary school child, p. 304 - 5.

Boyce is ook die mening toegedaan dat dit niks baat om kinders te leer skryf voordat hulle belangstelling toon en self probeer nie. „There can be no more question of teaching them how to read, write or do sums before they have made their own attempts through spontaneous activity, than there can be of teaching babies to walk before they have made attempts to stand and to crawl ....“<sup>15)</sup>

2. Hoe dikwels subst. A-leerlinge op die skryfbord en elders krabbel.

Vrae D.3 en D.4. In vraag D.3 is die leerkragte gevra hoe dikwels hulle hul subst. A-leerlinge op die skryfbord laat oefen (krabbel) en in vraag D.4 is hulle gevra hoe dikwels hulle hul subst. A-leerlinge op ou koerante en ongedrukte koerantpapier laat krabbel.

TABEL 99.

HOE DIKWELS KRABBEL SUBST. A-LEERLINGE?

Op die skryfbord			Op ou koerante en ongedrukte koerantpapier		
	Aantal leerkragte	%		Aantal leerkragte	%
Dikwels/ Gereeld	168	82.4	Dikwels/ Gereeld	193	94.6
Selde	27	13.2	Selde	9	4.4
Nooit	9	4.4	Nooit	2	1.0
TOTAAL	204	100%	TOTAAL	204	100%

Sowel vraag D.3 as vraag D.4 is deur 204 onderwysers (-esse) beantwoord. Soos uit tabel 99 blyk, laat 'n baie hoë persentasie van die 204 respondente hul subst. A-leerlinge toe om dikwels of gereeld op die skryfbord en ook dikwels of gereeld op ou koerante en ongedrukte koerantpapier te krabbel. Slegs 'n geringe persentasie laat hul leerlinge nooit toe om te krabbel nie.

<sup>15)</sup> Boyce, F.R., The first year in school, p. 136.

In haar verslag oor die twee jaar 1934 en 1935 het die destydse kindertuininstruktrise, mev. M. de Villiers, al geskrywe:

By die doseer van skrif het ons losgebreek van sommige van die verouderde reëls en word die kinders aangemoedig om hul vryelik uit te druk deur middel van grafiese tekens in die vorm van "krabbeltekeninge."<sup>16)</sup>

Een van die stadia in die skrifonderrig van die beginner waarmee daar volgens Alida M. Grey rekening gehou moet word, is die krabbelstadium.<sup>17)</sup> "Time and opportunity must be given for scribbling .... It will be necessary to allow plenty of time for this stage in school."<sup>18)</sup> Die Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg beveel aan dat subst. A-leerlinge gedurende hul eerste tot derde week op skool al toegelaat word om op die skryfbord en groot velle koerantpapier te krabbel. "Die doel is om die kind vertroud te maak met sy media en die regte hantering daarvan te beoefen."<sup>19)</sup>

### 3. Skrifpatrone.

Vraag D.5 en D.6. In vraag D.5 is die leerkragte gevra of hulle hul subst. A-leerlinge skrifpatrone laat oefen. In vraag D.6 is diegene wat op vraag D.5 Ja geantwoord het, gevra wanneer hulle met skrifpatrone begin.

TABEL 100.

#### WORD SUBST. A-LEERLINGE TOEGELAAT OM SKRIFPATRONE TE OEFEN?

	Aantal leerkragte	%
Ja	203	99.5
Nee	1	.5
TOTAAL	204	100%

16) S.G.O.-verslag, 1934 en 1935, p. 119.

17) Grey, Alida M. Aanvangsonderwys in Suid-Afrika, p. 366.

18) Anon. Writing in the kindergarten. Education, 68 : 287, Okt. 1958.

19) Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Lesings oor die kindertuinmetodiek. Lesingreeks nr. 3, p. 61.

TABEL 101.

WANNEER MET SKRIFPATRONE IN SUBST. A BEGIN WORD.

	Aantal leerkragte	%
Die eerste helfte van die 1ste kwartaal	135	66.8
Die tweede helfte van die 1ste kwartaal	58	28.7
Die 2de kwartaal	9	4.5
TOTAAL	202	100%

Tabel 100 toon aan dat, op een na, al die respondentē hul subst. A-leerlinge skrifpatrone laat oefen. Die enigste leerkrag wat dit nie laat doen nie, is 'n onderwyseres in die kindertuinafdeling van 'n hoërskool.

Uit tabel 101 blyk dat slegs 'n geringe persentasie van die 202 respondentē hul subst. A-leerlinge in die tweede kwartaal eers met skrifpatrone laat begin. Ofskoon daar nie eenstemmigheid is oor die vraag of die leerlinge in die eerste of die tweede helfte van die eerste kwartaal met skrifpatrone moet begin nie, laat 'n besliste meerderheid (66.8%) van die totale aantal respondentē hul leerlinge in die eerste helfte van die tweede kwartaal met dié patrone begin.

In die Oranje-Vrystaat word daar „teen min of meer die sesde week van die kwartaal," m.a.w. in die tweede helfte van die eerste kwartaal, 'n aanvang gemaak met skrifpatrone<sup>20)</sup> en die patrone word deurgaans op blanke velle geoefen.<sup>21)</sup> Die Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg beveel ook die tweede helfte van die eerste kwartaal, naamlik die sesde tot die tiende week, aan as die beste tyd om met skrifpatrone te begin en voeg daarby dat nie meer as drie of vier patrone gedurende die

20) Onderwysdepartement, O.V.S. Leerplan vir skrif. Kleinkinderonderwys, 1964, p. 5.

21) Ibid., p. 6.

eerste kwartaal baasgeraak hoef te word nie.<sup>22)</sup> Die aanbeveling van die Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg is in ooreenstemming met die bepaling van die Kaaplandse Onderwysdepartement dat daar van die sesde tot die tiende week in die eerste kwartaal skrifpatrone geoefen moet word en dan ook net drie patronen.<sup>23)</sup>

#### 4. Die aanleer van hoofletters.

Vraag D. 9. Wanneer behoort daar met die aanleer van hoofletters begin te word?

TABEL 102.

HOOFLETTERS: WANNEER MOET DAARMEÉ BEGIN WORD?

	Aantal leerkragte	%
Teen die einde van subst. A	99	38.1
Die eerste ses maande in subst. B	149	57.3
Die laaste ses maande in subst. B	12	4.6
TOTAAL	260	100%

Tabel 102 toon weliswaar aan dat meer as die helfte van die 260 respondente meen dat daar gedurende die eerste ses maande in subst. B met die aanleer van hoofletters begin moet word, maar dit toon ook aan dat heelwat meer as een-derde (38.1%) van mening is dat dit teen die einde van subst. A al behoort te geskied. Volgens die antwoorde van die afsonderlike groepe wil dit voorkom asof dit eintlik die sogenaamde ou garde is wat in subst. A met die aanleer van hoofletters wil begin. Slegs 51.3% van die respondenten met meer as tien jaar onderwysondervinding, teenoor 68.4% in die geval van diegene met minder as vyf jaar ondervinding, is ten gunste daarvan dat die aanleer van hoofletters gedurende die eerste ses maande

<sup>22)</sup> Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Lesings oor die kindertuinmetodiek. Lesinggreeks nr. 3, p. 61.

<sup>23)</sup> Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Leerplanne en wenke by die onderwys, V, p. 146.

in subst. B 'n aanvang neem. Soos ook uit tabel 102 blyk, is net 'n geringe persentasie van mening dat daar gedurende die laaste ses maande in subst. B met hierdie werk begin moet word.

In die Oranje-Vrystaat word hoofletters gedurende die tweede kwartaal in subst. B aangeleer<sup>24)</sup> en in Kaapland word verwag dat leerlinge die hoofletters vroeg in subst. B sal baasraak.<sup>25)</sup> Alida M. Grey verklaar: "Die formele onderrig van hoofletters word tot die tweede skooljaar uitgestel."<sup>26)</sup> Dit geld vir al vier die provinsies en daar mee kan ons met vrymoedigheid akkoord gaan.

### 5. Spasiëring.

#### Vrae D.10 en D.11.

In vraag D.10 is die leerkrakte gevra wanneer leerlinge behoort geleer te word om korrek te spasieer en in vraag D.11 is hulle gevra hoe hulle die leerlinge help wat dit moeilik vind om korrek te spasieer.

TABEL 103.

#### KORREKTE SPASIËRING: WANNEER MOET DIT GELEER WORD?

	Aantal leerkrakte	%
Teen die einde van subst. A	232	90.3
Die 1ste kwartaal in subst. B	20	7.8
Die 2de kwartaal in subst. B	5	1.9
TOTAAL	257	100%

<sup>24)</sup> Onderwysdepartement, O.V.S. Leerplan vir skrif. Kleinkinderonderwys, 1964, p. 16 - 17.

<sup>25)</sup> Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Leerplanne en wenke by die onderwys, V, p. 147.

<sup>26)</sup> Grey, Alida M., op. cit., p. 364.

TABEL 104.

## KORREKTE SPASIERING: HOE WORD DIE LEERLINGE GEHELP?

	Aantal leerkragte	%
(1) Vinger tussen woorde	243	89.7
(2) 'n Stukkie karton	43	15.9
(3) Patroné wat vir hier-die doel ontwerp is	35	12.9
(4) Roomys-stokkies	13	4.8
Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is		271

Soos uit tabel 103 blyk, is verreweg die meeste respondenten ten gunste daarvan dat leerlinge teen die einde van subst. A moet leer om korrek te spasieer. Dat daar verskil van mening sal wees, is begryplik, maar dit sal stellig vir baie skoolhoofde, omgangsinspekteurs en kindertuininspektrises 'n openbaring wees dat meer as 90% van die respondenten van mening is dat kinders in subst. A al behoort geleer te word om korrek te spasieer. Trouens, in die leerplan van die Kaaplandse Onderwysdepartement kom spasiëring glad nie by subst. A voor nie en word dit die eerste keer in verband met die oorgangstadium (subst. B) vermeld.<sup>27)</sup> Die Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg, 'n vereniging wat hom in meer as een opsig deur kindertuininspektrises laat lei, verwys ook nêrens onder "Indeling van werk" vir subst. A na spasiëring nie<sup>28)</sup> en beveel dit in subst. B eers aan.<sup>29)</sup>

Tabel 104 toon aan dat die oorgrote meerderheid (byna 90%) van die respondenten van die vinger tussen woorde gebruik maak om kinders te leer spasieer. By die afsonderlike groepe is gevind dat nog hoër persentasies hierdie

27) Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Leerplanne en wenke by die onderwys, V, p. 147.

28) Sien Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Lesings oor die kindertuinmetodiek. Lesingreeks nr. 3, p. 61 - 62.

29) Ibid., p. 63.

"instrument" aanwend en in die geval van sowel voorbereidingskole as eenmanskole leer al die betrokke onderwysers (-esse) hul leerlinge deur middel van die vinger tussen woorde om korrek te spasieer. Uit tabel 104 blyk dat betreklike klein persentasies van die ander drie gesuggererde middels gebruik maak. Die gewildste van die drie is 'n stukkie karton wat die leerlinge tussen woorde plaas terwyl hulle skryf. Dit is 'n middel wat deur die Kaap-landse Onderwysdepartement ook aanbeveel word.<sup>30)</sup> Die enigste ander middel wat aangegee is, is die gebruik van vuurhoutjies (5 respondenten) en verder het een onderwyseres die volgende interessante mededeling in verband met spasiëring gedoen: "Ek noem dit grootpaaie tussen die reëls en smal sypaadjes tussen woorde."

## 6. Liniëring.

### Vrae D.12 en D.13.

In vraag D.12 is die leerkragte gevra of hulle die huidige verskil in liniëring van skryfboeke vir verskillende stadiums in die kindertuin bevredigend vind en in vraag D.13 is hulle gevra of hulle ten gunste van gewone liniëring deurgaans is, se vanaf die tweede of die derde kwartaal in subst. A.

TABEL 105.

VERSKIL IN LINIËRING VAN SKRYFBOEKE VIR VERSKILLENDE STADIUMS IN DIE KINDERTUIN: IS DIT BEVREDIGEND?

	Aantal leerkragte	%
Ja	185	74.6
Nee	39	15.7
Weet nie/kan nie sê nie	24	9.7
TOTAAL	248	100%

<sup>30)</sup> Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Leerplanne en wenke by die onderwys, V, p. 127.

TABEL 106.

IS U TEN GUNSTE VAN GEWONE LINIËRING DEURGAANS?

	Aantal leerkragte	%
Ja	163	73.8
Nee	40	18.1
Weet nie/huldig nie 'n besliste mening nie	18	8.1
TOTAAL	221	100%

Ofskoon vraag D. 13 nie as 'n kontrolevraag vir D. 12 bedoel is nie, het dit nietemin 'n teenstrydigheid in die antwoord aan die lig gebring. Soos uit tabel 105 blyk, vind byna drie-kwart van die respondenten die verskil in liniëring van skryfboeke vir verskillende stadiums in die kindertuin bevredigend, maar aan die ander kant blyk uit tabel 106 dat ook byna drie-kwart van die respondenten ten gunste van gewone liniëring deurgaans vanaf die tweede of die derde kwartaal in subst. A is, m.a.w. dat hulle 'n verandering verlang. Die rede vir hierdie teenstrydigheid mag wees dat die respondenten die woorde "gewone liniëring" in vraag D. 13 verkeerd verstaan het. Dit mag egter ook wees dat die oorgrote meerderheid van die respondenten die verskil in liniëring (vraag D. 12) slegs heel aan die begin van subst. A verlang en ná die tweede of die derde kwartaal nie meer nie.

Nadat subst. A-leerlinge aanvanklik net gekrabbel en skrifpatrone geoefen het, is dit in die meeste skole gebruiklik dat blanke skryfboekies gedurende die tweede kwartaal ingevoer word.<sup>31)</sup> Dit word of in die tweede of in die derde kwartaal deur boeke met wye liniëring (ge-woonlik 1 duim) gevolg en "teen die einde van die jaar

31) Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Lesings oor die kindertuinmetodiek. Lesingreeks nr. 3, p. 61.

behoort die meerderheid van die klas tussen lyne te skrywe, in skryfboeke met  $\frac{3}{8}$  duim-liniëring.<sup>32)</sup> In subst. B kry die leerlinge dan skryfboeke met die gewone  $\frac{5}{16}$  duim-liniëring.

Die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging het onlangs 'n kommissie onder voorsitterskap van N. du Plessis aangestel met opdrag om die skrif-leerplan en verskillende aspekte in verband daarvan te ondersoek. Die kommissie het sy verslag op 3 Aug. 1965 uitgebring en daarin kom die volgende met betrekking tot liniëring voor: „In die kindertuin word nog te lank tyd bestee aan skryfoefeninge op ongelienerde papier. Ná die eerste aantal lesse begin die leerlinge self soek na gidslyne ...."<sup>33)</sup>

In Kaapland is daar ook baie onderwysers(-esse) wat van mening is dat blanko velle vroeër in subst. A al deur gelinienerde papier behoort vervang te word en dat dit nie onmoontlik is om van voor die einde van subst. A af net skryfboeke met  $\frac{5}{16}$  duim-liniëring te gebruik nie. Een van die respondenten, 'n manlike skoolhoof, wat ten gunste van gewone liniëring vanaf die derde of selfs die tweede kwartaal in subst. A is, stel sy standpunt as volg: „As liniëring telkens wissel, ontstaan die vraag of daar nie onsekerheid by die leerling veroorsaak word nie. Is eenvormige liniëring nie verkieslik nie? Die kind kry immers in die alledaagse lewe net met  $\frac{5}{16}$  duim-liniëring te doen. 'n Voortdurende wisseling kan nie anders as om 'n nadelige uitwerking op die kind se skrif te hê nie."

Dit is 'n aangeleentheid wat opnuut die aandag van die Onderwysdepartement verdien.

32) Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Leerplanne en wenke by die onderwys, V, p. 127.

33) O.V.S.O.V.-Skrifverslag. (In Die Skoolblad, 53 : 17, Sept. 1965.)

7. Druk- en lopende skrif.

Daar bestaan nog heelwat verskil van mening met betrekking tot die gebruik van druk- en lopende skrif in skole. "Some would teach only manuscript, others only cursive; still others would begin with manuscript and then teach cursive."<sup>34)</sup> Laasgenoemde gebruik, naamlik dat daar met drukskrif begin en later na lopende skrif oorgeslaan word, word in verreweg die meeste skole in Amerika aantref<sup>35)</sup> en tewens in baie ander oorsese lande.<sup>36)</sup> In Kaapland is dit tans ook die algemene gebruik en in Transvaalse skole begin die meeste leerlinge met drukskrif in graad I en slaan in standerd I oor na lopende skrif.<sup>37)</sup>

Vraag D. 14. Wanneer behoort die vaardigheid van lopende skrif na u mening stelselmatig deur leerlinge aangeleer te word?

TABEL 107.

LOPENDE SKRIF: WANNEER MOET DAARMEE BEGIN WORD?

	Aantal leerkragte	%
Die tweede helfte van subst. B	56	21.2
Die eerste helfte van st. I	167	64.6
Die tweede helfte van st. I	37	14.2
<b>TOTALE</b>	260	100%

Uit tabel 107 blyk dat byna twee-derdes van die 260 respondenten van mening is dat lopende skrif gedurende die eerste helfte van st. I deur leerlinge aangeleer behoort te word. Dieselfde tendens word by al die afsonderlike

34) Klausmeier, H.J. & Dresden, Katharine. Teaching in the elementary school, p. 269.

35) Freeman, F.N. Teaching handwriting. (In What research says to the teacher, 4, p. 26.) Sien ook Petty, W.T. Handwriting and spelling: their current status in the language arts curriculum. Elementary English, 41 : 842, Des. 1964.

36) Unesco. The teaching of handwriting, p. 17-18.

37) Kotzé, H.P. Verhelpingsonderrig in lees, skryf en reken in die laerskool, met besondere behandeling van skrif, p. 157.

groeppe respondentie ook aangetref, maar wat die hoofde van voorbereidingskole betref, het die vier wat vraag D. 14 beantwoord het, hulle sonder uitsondering ten gunste daarvan verklaar dat lopende skrif gedurende die eerste helfte van st. I aangleer word.

Meer as 'n kwarteeu gelede het Heese ná 'n deeglike ondersoek tot die gevolgtrekking geraak dat die beste skrifprestasies in die sekondêre klasse gelewer word wanneer kinders in standerd I en II na lopende skrif oor-slaan.<sup>38)</sup> Sedertdien is heelwat navorsing gedoen en, ofskoon daar nog nie eenstemmigheid bereik is nie, wil dit tog voorkom asof verreweg die meeste navorsers van mening is dat daar in standerd I na lopende skrif oorgeslaan behoort te word. Morrison en Perry het hulle ten gunste van graad III (of standerd I) uitgespreek,<sup>39)</sup> Logan en Logan wys daarop dat kinders lopende skrif vóór graad III nog te moeilik vind,<sup>40)</sup> Petersen en Hayden verklaar dat "the trend is strongly in favor of Grade III",<sup>41)</sup> mej. S. la Grange beveel ook standerd I aan<sup>42)</sup> en die Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg noem spesifiek die eerste ses maande van standerd I.<sup>43)</sup> Daar is egter ook opvoedkundiges wat van mening is dat daar vóór standerd I na lopende skrif oorgeslaan moet word. Dit blyk onder andere uit 'n aanbeveling in die onlangse verslag van 'n kommissie wat deur die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging aangestel is, naamlik dat met "formele lopende skrifonderrig" aan die

38) Heese, J. de V. Die gebruik van druk- en lopende skrif, p. 118.

39) Morrison, Ida E. & Perry, Ida F. Kindergarten - primary education; teaching procedures, p. 309 - 310.

40) Logan, Lillian M. & Logan, V.G. Teaching the elementary school child, p. 307.

41) Petersen, Dorothy G. & Hayden, Velma D. Teaching and learning in the elementary school, p. 196.

42) La Grange, S. Aanvangsonderwys van skrif in die kindertuin. Die Unie, 52 : 13, Jul. 1955.

43) Kindertuinstudiegroep van die Tygerberg. Lesings oor kindertuinmetodiek. Lesingreeks nr. 3, p. 64.

begin van die derde kwartaal in subst. B begin moet word.<sup>44)</sup>

Freeman het 'n opname gemaak van die heersende praktyke en beskouings in Amerikaanse skole betreffende die beste tyd om van druk- na lopende skrif oor te slaan.

Sy bevinding is dat, ofskoon daar 'n betreklike groot persentasie skole is waar die oorskakeling in graad II plaas vind, dit die algemene praktyk in die skole in groot Amerikaanse stede is om in graad III oor te skakel. Hy konkludeer:

Pending more objective scientific investigation, which would be difficult, the weight of evidence seems to be in favor of changing from manuscript to cursive in grade III.<sup>45)</sup>

Husbands beklemtoon die wenslikheid dat, wanneer daar van druk- na lopende skrif oorgeslaan word, dit geleidelik moet geskied; „individuals should be permitted to continue with manuscript for all personal writing if they desire.”<sup>46)</sup> Stendler, wat dit raadsaam ag dat oorskakeling na lopende skrif tot ten minste standerd I uitgestel word, beveel ook aan dat kinders aangemoedig moet word om ná oorskakeling nog drukskrif ook te gebruik.<sup>47)</sup>

Die ideale toestand sou stellig wees dat na lopende skrif oorgeslaan word wanneer 'n kind daarvoor gereed is, ongeag die standerd waarin hy hom bevind. „We should add cursive when careful study shows that the child is ready . . . .”<sup>48)</sup> Kaaplandse skole is egter nog nie hier voor ingerig nie; dus moet ons ons deur die bevindings

44) O.V.S.O.V.-Skrifverslag. (In Die Skoolblad, 53 : 18, Sept. 1965.)

45) Freeman, F.N. The transition from manuscript to cursive writing. (In Crow, L.D. a.o. Teaching in the elementary school, p. 258.)

46) Husbands, K.L., ed. Teaching elementary school subjects, p. 110.

47) Stendler, Celia B. Teaching in the elementary school, p. 195.

48) Enstrom, E.A. Print-handwriting today. Elementary English, 41 : 849, Des. 1964. Sien ook Enstrom, E.A. After manuscript writing - when shall we begin cursive? The Elementary School Journal, 61 : 27, Mei 1961.

en aanbevelings van opvoedkundige navorsers laat lei. Die meerderheid van die navorsers na wie in die voorgaande paragrawe verwys is, is van mening dat daar in st. I van druk- na lopende skrif oorgeslaan behoort te word, maar hulle meld nie of dit gedurende die eerste of die tweede helfte van st. I moet geskied nie. Daar bestaan egter geen rede waarom ons nie die mening van 64.6% van die Noord-Kaaplandse onderwysers(-esse) wat vraag D. 14 in die vraelys beantwoord het,<sup>49)</sup> sou onderskryf nie. Die sienswyse is in ooreenstemming met die bepaling van die Kaaplandse Onderwysdepartement dat lopende skrif gedurende die eerste helfte van die st. I-jaar stelselmatig onderrig moet word en dat die oorskakeling van druk- na lopende skrif teen die middel van die jaar behoort voltooi te wees.<sup>50)</sup>

---

49) Sien tabel 107.

50) Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop. Die primêre skool. Musiek, kuns en handwerk, handskrif. Leerplanne en wenke by die onderwys, V, p. 148.